Die toename in die reële bruto binnelandse produk van die nie-primêre sektore gedurende die eerste kwartaal het voortgespruit uit toenames in die reële private verbruiksbesteding, in die besonder besteding aan duursame goedere, in die reële owerheidsverbruiksbesteding, en in die reële bruto vaste investering deur die openbare owerhede. Die ander hoofkomponente van die reële bruto binnelandse besteding, naamlik private vaste investering en voorraadinvestering, het voortgegaan om te daal. Surplus produksiekapasiteit het aansienlik gebly en het derhalwe 'n ontmoedigende uitwerking op vaste investering gehad. Die daling in die reële voorrade het tot 'n verdere afname in die verhouding van die reële nie-landbouvoorrade tot die vergelykbare reële bruto binnelandse produk geleid. Hierdie verskynsels is in ooreenstemming met die normale verloop van sake gedurende die vroeë stadiums van 'n ekonomiese oplewing wanneer groter vraag aanvanklik deur 'n intering op voorrade bevredig word.

Nieteenstaande die hoër vlak van die totale binnelandse vraag, was die bruto binnelandse besteding teen heersende pryse nog steeds kleiner as die bruto nasionale produk, en dit is weer weerspieël in 'n oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans. Die

seisoensaangesuiwerde oorskot gedurende die eerste kwartaal was egter slegs ongeveer die helfte so groot as in die laaste kwartaal van 1977. Die kleiner oorskot was 'n weerspieëling van die netto uitwerking van 'n aanmerklike afname in goedere-uitvoere, 'n matige toename in goedere-invoere, 'n skerp styging in die netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld, en 'n gedeeltelik neutraliserende toename in die netto goudproduksie.

'n Verdere aansienlike netto uitvloeiing van kapitaal, wat uit 'n netto uitvloeiing van korttermyn- sowel as langtermynkapitaal bestaan het, het in die eerste kwartaal voorgekom. Gesamentlik het die oorskot op die lopende rekening, vóór aansuiwerings vir seisoensinvloede, en die netto uitvloeiing van langtermynkapitaal egter geleid tot 'n groter oorskot op die basiese saldo as in die laaste kwartaal van 1977. Aangesien die netto uitvloeiing van kapitaal die oorskot op die lopende rekening oorskry het, het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die eerste kwartaal effens verder gedaal. In teenstelling hiermee het die netto goud- en ander buitelandse reserwes vir die tweede opeenvolgende kwartaal gestyg as gevolg van 'n vermindering van die laste verwant aan reserwes. Gedurende April het die goudreserwes van die Reserwebank 'n aansienlike styging getoon as gevolg van die herwaarderings daarvan teen 'n markverwante goudprys.

Gedurende die eerste kwartaal het die hoeveelheid geld en kwasi-geld voortgegaan om teen 'n matige koers te styg. Hierdie lae groeikoers is meegebring deur 'n afname in die netto eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor en 'n toename in die langtermyndeposito's van die private sektor by die monetêre bankinstellings, wat die grootste deel van die matige toename in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor en in hierdie sektor se eise teen die private sektor geneutraliseer het. Die toename in bankkrediet aan die private sektor en die seisoenale beweging van fondse na die regering het bygedra tot 'n afname in die oorskotlikwiditeit van bankinstellings gedurende die eerste kwartaal. Aan die einde van Maart was die oorskotlikwiditeitsverhoudings van alle groepe instellings op 'n lae vlak.

Nieteenstaande 'n aansienlike styging in die skatkisuitreikings gedurende die laaste kwartaal van die fiskale jaar 1977/78, was die toename in hierdie uitreikings gedurende die fiskale jaar in sy geheel slegs effens hoër as die oorspronklike begrotingsraming. Die invorderings van inkomste gedurende die fiskale jaar het nie die peil van die oorspronklike begrotingsyfers behaal nie, hoofsaaklik vanweë kleiner invorderings van doeaneregte en van inkomstebelasting en huurkontrak-

betalings deur goudmynmaatskappye. Dié tekort op die Skatkisrekening wat by wyse van lenings gefinansier moes word, was nietemin slegs effens hoër as in die voorafgaande fiskale jaar. Die suksesvolle plasing van lenings by die private nie-banksektor, tesame met 'n aansienlik hoër netto belegging in staatseffekte deur die Staatskuldkommissarisse, het die regering in staat gestel om 'n gedeelte van sy buitelandse skuld terug te betaal en om die toename in sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor te beperk.

Die leen van fondse deur die regering van die private nie-banksektor is aansienlik vergemaklik deur die verruiming van die mark in vaste-rentedraende effekte. Nieteenstaande die feit dat 'n aansienlike bedrag aan nuwe fondse in hierdie mark opgeneem is, het die opbrengskoerse gedurende die laaste nege maande van 1977 aanhoudend gedaal, en hierdie afwaartse neiging is gedurende die eerste kwartaal van 1978 en die daaropvolgende twee maande voortgesit. Wat die ander afdelings van die kapitaalmark betref, het die aandelepryse en die effektebeursomset gedurende Februarie en Maart tydelik gedaal voordat dit in April weer met 'n opwaartse neiging begin het; 'n groter invloed van fondse en 'n klaarblyklike toename in die vraag na verbandfinansiering het die verbandmark-tussengangers in staat gestel om hulle uitleenbedrywighede te verhoog; en die bedrywigheid in die vaste eiendomsmark het op 'n lae vlak gebly.

Die koerse van toename in die groothandels- en verbruikerspryse, wat in die loop van 1977 beduidend gedaal het, het in Januarie weer versnel, hoofsaaklik vanweë verhogings van staats-geadministreerde pryse en hoër pryse van voedsel en ingevoerde goedere. Daarná het hierdie koerse van toename egter weer verlangsaam.



In die lig van die vordering wat gemaak is met die verwesenliking van die beleidsdoelstellings om die betalingsbalans te verbeter en die vraagverwante oorsake van inflasie uit te skakel, is 'n verdere verskuiwing van die klem van die ekonomiese beleid vanaf selektiewe stimulering na 'n ligte algemene stimulering van die ekonomie in die Begroting vir 1978/79 aangekondig. Dit is egter beklemtoon dat die beleid daarop gemik sou wees om ekonomiese groei aan te moedig binne 'n raamwerk van finansiële dissipline. Die monetêre beleid is ook effens meer akkommoderend gemaak. Met ingang 18 Mei is die plafonne op die bankkrediet aan die private sektor met vier persent van die basissyfers soos aan die einde van Desember 1975 verhoog en is die bedrag van die kredietverlening aan die private sektor, soos vir doeleindes van die kredietplafonne omskryf, wat 'n bankinstelling nie mag oorskry sonder om aan die plafonvereistes onderhewig te word nie, verhoog.

Nasionale rekeninge*

Hoër ekonomiese groei koerse in nie-primêre sektore

Die ekonomiese bedrywigheid in die nie-primêre sektore van die ekonomie, soos weerspieël in die syfers van die reële bruto binnelandse produk, het gedurende die eerste kwartaal van 1978, in vergelyking met die laaste kwartaal van 1977, betekenisvol toegeneem.

Bruto binnelandse produk teen konstante 1970-pryse



* Tensy anders aangedui, is hierdie afdeling van die oorsig gebaseer op seisoensaangesuiwerde kwartaalramings van die nasionale rekeninge.

Ondanks afnames in die reële toegevoegde waarde van die landbou en die nie-goudmynbou, het die groeikoers van die totale bruto binnelandse produk in die eerste kwartaal die groeikoers van die vierde kwartaal van 1977 geëwenaar.

Die meer opmerklike toename in die reële bruto binnelandse produk van die sekondêre en tersiêre sektore van die ekonomie in die eerste kwartaal is voorafgegaan deur 'n klein toename in die vierde kwartaal van 1977 wat gevolg het op afnames wat vir ses opeenvolgende kwartale aangeteken is. Die belangrikste rede vir hierdie gunstige ontwikkeling was die skerp ommeswaai van die kwartaalike veranderinge in die reële toegevoegde waarde van die handel en nywerheid van afnames gedurende 1976 en 1977 na toenames in die eerste kwartaal van 1978. Die volume van die fabrieksproduksie gedurende die eerste kwartaal van 1978 was ongeveer 2½ persent hoër as gedurende die laaste kwartaal van 1977, nadat die afwaartse neiging gedurende die tweede helfte van 1977 afgeplat het. Die waarde van die groothandelsverkope teen konstante pryse het in die eerste kwartaal van 1978, in vergelyking met die vierde kwartaal van 1977, met ongeveer een persent toegeneem nadat dit vir agt opeenvolgende kwartale afgeneem het. Die waarde van die kleinhandelsverkope teen konstante pryse, wat gedurende die laaste drie kwartale van 1977 op 'n betreklik lae vlak gestabiliseer het, het gedurende die eerste kwartaal van 1978 min verandering getoon. Die aantal nuwe motorvoertuie wat gedurende die eerste kwartaal van 1978 verkoop is, was ongeveer 12 persent hoër as die syfer vir die vierde kwartaal van 1977. Hierbenewens het die reële toegevoegde waarde van die sektor elektrisiteit, gas en water gedurende die eerste kwartaal van 1978 'n verdere matige toename getoon terwyl die daling in die reële produk van konstruksie gedurende die voorafgaande agt kwartale nie in die eerste kwartaal van 1978 voortgesit is nie. Nieteenstaande hierdie verbeterings, was die reële toegevoegde waarde van die handel en nywerheid gedurende die eerste kwartaal van 1978 nog sowat 1 persent laer as die vlak in die eerste kwartaal van 1977 en omtrent 8 persent laer as die mees onlangse hoogtepunt wat gedurende die eerste kwartaal van 1976 bereik is.

In teenstelling met die toename in die reële ekonomiese bedrywigheid in die nywerheid en handel en 'n matige verdere toename in die reële inkome wat in die dienstesektor geskep is, het die reële toegevoegde waarde van die landbou in die eerste kwartaal van 1978 skerp afgeneem, terwyl dié van die mynbou matig gedaal het nadat dit gedurende die tweede helfte van 1977 op 'n hoë vlak gestabiliseer het. Die volume van die goudmynbouproduksie het in die eerste kwartaal van 1978 met ongeveer 2 persent toegeneem, maar die volume van die nie-goudmynbouproduksie het vir die tweede opeenvolgende kwartaal gedaal. Die uiteenlopende bydraes tot ekonomiese groei van die

verskillende sektore gedurende die afgelope paar kwartale word in die bygaande grafiek getoon.

Kwartaalramings van die bruto binnelandse produk teen heersende pryse toon dat die vergoeding van werknemers sowel as die bruto bedryfsurplus gedurende die eerste kwartaal van 1978 verder toegeneem het. Toenames in die bruto bedryfsurplus van die mynbou, die fabriekswese en die groot-, klein- en motorhandel is gedeeltelik geneutraliseer deur afnames wat deur die landbou en deur vervoer, opberging en kommunikasie aangeteken is.

Styging in reële bruto binnelandse besteding

Die toename in die reële bruto binnelandse produk in die nie-primêre sektore van die ekonomie in die eerste kwartaal van 1978 het hoofsaaklik voortgespruit uit 'n toename in die reële totale binnelandse vraag soos gemeet deur die reële bruto binnelandse besteding. Nieteenstaande hierdie toename, was die reële bruto binnelandse besteding gedurende die eerste kwartaal van 1978 nog ongeveer 2 persent laer as gedurende die ooreenstemmende kwartaal van 1977.



Die hoofkomponente van die reële totale binnelandse vraag het gedurende die eerste kwartaal van 1978 uiteenlopende neigings getoon. Vergeleke met die vierde kwartaal van 1977 het die reële private verbruiksbesteding, in die besonder aan duursame goedere, die reële bruto binnelandse vaste investering deur die openbare owerheid, en die reële owerheidsverbruiksbesteding toegeneem. In teenstelling hiermee het die reële private verbruiksbesteding aan semi-duursame goedere, die reële private vaste investering, en die reële voorraadinvestering afgeneem, terwyl die reële vaste investering deur die openbare korporasies in vergelyking met die vierde kwartaal van 1977 min verandering getoon het.

Teen heersende pryse is die bruto binnelandse besteding deur die bruto nasionale produk oorskry, maar die verskil was kleiner as in die vierde kwartaal van 1977. Hierdie ontwikkeling is ook weerspieël in die betalingsbalans op lopende rekening, wat in die eerste kwartaal van 1978 'n kleiner oorskot getoon het as in die voorafgaande kwartaal.

Toename in reële private verbruiksbesteding

Die toename in die private verbruiksbesteding gedurende die eerste kwartaal van 1978 het 'n wesenlike bydrae tot die styging in die reële totale binnelandse vraag gemaak. Die grootste toename is waargeneem in die geval van die reële besteding aan duursame goedere, veral aan persoonlike vervoer-toerusting (nuwe motors), terwyl die reële besteding aan meubels en huishoudelike toebehore matiger toegeneem het. Die afname in die reële besteding aan ontspannings- en vermaaklikheidsgoedere in die eerste kwartaal van 1978 moet beoordeel word in die lig van die toename wat in die vierde kwartaal van 1977 aangeteken is as gevolg van 'n skerp toename in die

Bruto binnelandse besteding teen konstante 1970-pryse



verkope van draagbare televisiestelle. Die reële besteding aan semi-duursame goedere (hoofsaaklik klerasie, skoetsel, glasware en huishoudelike tekstiele) het gedaal, maar die reële besteding aan nie-duursame goedere en dienste het teen ongeveer dieselfde koers as gedurende die voorafgaande kwartaal gestyg.

Klein styging in reële owerheidsverbruiksbesteding

Nadat dit gedurende die vierde kwartaal van 1977 'n klein afname getoon het, het die reële owerheidsverbruiksbesteding gedurende die eerste kwartaal van 1978 matig toegeneem. Aangesien die verdedigingsuitgawes gedurende hierdie tydperk effens gedaal het, word hierdie styging verklaar deur 'n toename in salarisse en lone sowel as in die besteding aan goedere en ander dienste. Die toename in die reële lopende besteding deur die sentrale owerheid, met uitsluiting van die verdedigingsbesteding, was veral opmerklik, in teenstelling met kleiner toenames in die geval van die ander vlakke van die algemene owerheid.

Daling in reële bruto binnelandse vaste investering

In teenstelling met die styging in die private en owerheidsverbruiksbesteding teen konstante pryse, het die reële bruto binnelandse vaste investering gedurende die eerste kwartaal van 1978 gedaal nadat dit gedurende die tweede helfte van 1977 matig gestyg het. Die reële kapitaalbesteding deur die verskillende sektore het egter uiteenlopende neigings getoon. Die reële private vaste investering, wat gedurende sowel die derde as die vierde kwartaal van 1977 gestyg het, het gedurende die eerste kwartaal van 1978 aanmerklik gedaal tot 'n vlak wat effens laer was as in die tweede kwartaal van 1977. Die rede vir hierdie ommeswaai was die insluiting van skepe wat aangekoop is vir die behoueringsprogram en die uitvoer van ystererts in die syfers vir die tweede helfte van 1977. Die reële vaste investering deur die private fabriekswese het ook gedurende die eerste kwartaal van 1978 gedaal, maar die reële kapitaalbesteding deur die res van die private sektor het, in vergelyking met dié in die vierde kwartaal van 1977, min verandering getoon. Dit wil voorkom of die daling in die reële private woningboukonstruksie gedurende die vierde kwartaal van 1977 en die eerste kwartaal van 1978 afgeplat het.

Die reële vaste kapitaalbesteding deur die openbare owerhede het gedurende die eerste kwartaal van 1978 matig toegeneem nadat dit gedurende die vierde kwartaal van 1977 tot 'n betreklik lae vlak gedaal het. Toenames in die kapitaalbesteding aan owerheidsbehuisingsprojekte gedurende die eerste kwartaal van 1978 is in 'n sekere mate teengewerk deur laer kapitaalbesteding deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë. Hoofsaaklik as gevolg van nuwe projekte en uitbreidingsprogramme, het die reële vaste investering deur die openbare korporasies gedurende die eerste kwartaal van 1978 op 'n betreklik hoë vlak gebly.

Verdere daling in reële voorraadinvestering

Die boekwaarde van die totale reële voorrade (veestapel uitgesluit), wat regdeur 1977 gedaal het teen jaar-koerse wat gewissel het van ongeveer R250 miljoen in die derde kwartaal tot soveel as R500 miljoen in die vierde kwartaal, het gedurende die eerste kwartaal van 1978 verder gedaal. Die daling gedurende die eerste

kwartaal van 1978 was effens groter as die gemiddelde vir 1977 maar kleiner as die daling in die vierde kwartaal van daardie jaar. Die groter daling gedurende die eerste kwartaal van 1978 was hoofsaaklik toe te skryf aan die styging in die reële verbruiksbesteding. Belangrike bydraes tot die daling in die totale reële voorrade is deur die private nywerheids- en handelsvoorrade, die landbouvoorrade in die handel, en diamantvoorrade gelewer. Die vlak van die reële motorhandelsvoorrade en die fabriekswesevoorrade van openbare korporasies het in die eerste kwartaal van 1978 in vergelyking met die voorafgaande kwartaal min verandering getoon.

Die verdere daling in die totale reële nie-landbouvoorrade en die opmerkbare toename in die vergelykbare reële bruto binnelandse produk het die verhouding van hierdie voorrade tot die reële bruto binnelandse produk van die nie-landbousektore tot 31,0 persent in die eerste kwartaal van 1978 verlaag, vergeleke met 31,7 persent in die vierde kwartaal van 1977 en die mees onlangse hoogtepunt van 36,1 persent in die derde kwartaal van 1975. Die verdere daling in hierdie verhouding in die eerste kwartaal van 1978 is in ooreenstemming met sy normale gedrag gedurende die vroeë stadiums van 'n ekonomiese oplewing, wanneer 'n toename in die vraag aanvanklik deur 'n verdere intering op voorrade bevredig word.

Afname in bruto binnelandse besparing

Alhoewel die bruto binnelandse besparing gedurende die eerste kwartaal van 1978 gedaal het vanaf die uitsonderlik hoë vlak wat dit in die vierde kwartaal van 1977 bereik het, was dit nog ongeveer 15 persent hoër as in die eerste kwartaal van 1977 en het dit ook die bedrag oorskry wat vir die finansiering van die bruto vaste en voorraadinvestering benodig is. Die gevolglike oorskot aan binnelandse besparing is aangewend om die land se netto skuldposisie teenoor die res van die wêreld te verminder. Die maatskappybesparing, die lopende surplus van die algemene owerheid, en die voorsiening vir waardevermindering het toegeneem, maar die persoonlike besparing het gedurende die eerste kwartaal opmerklik gedaal, hoofsaaklik as gevolg van 'n aansienlike afname in die netto inkome van die landbou.

Konjunktuerneigings, arbeidstoestand en pryse

Einde van sikliese afswaai

Ekonomiese aanwysers toon dat die sikliese afswaai in die reële ekonomiese bedrywigheid, wat sedert die derde kwartaal van 1974 ondervind is, in die vierde kwartaal van 1977 tot 'n einde gekom het. Hoewel die afwaartse beweging van 'n aantal aanwysers wat geklassifiseer word as samevallend met veranderinge in die konjunkturgolf, teen die einde van verlede jaar omgekeer is, het dit voorgekom of hul verloop gedurende die eerste kwartaal van 1978 slegs 'n aarselende begin van 'n siklies opwaartse beweging in die ekonomiese bedrywigheid weerspieël het.

In hierdie verband het die reële bruto binnelandse produk van die nie-landbousektore van die ekonomie, wat, met uitsondering van die tweede kwartaal van 1977, vanaf die tweede kwartaal van 1976 tot die derde kwartaal van 1977 opeenvolgende kwartaallike afnames getoon het, gedurende die vierde kwartaal van 1977 matig en gedurende die eerste kwartaal van 1978 teen 'n ietwat hoër koers toegeneem. 'n Selfs nog meer opmerkbare styging het in die reële ekonomiese bedrywigheid in die nie-primêre sektore van die ekonomie voorgekom. Hierdie opwaartse neiging gedurende die eerste kwartaal is op meer gematigde wyse deur aanwysers soos die volume van die fabrieksproduksie, die groot- en kleinhandelsverkope teen konstante pryse, die volume van invoere en werkloosheid onder Blankes, Kleurlinge en Asiërs, bevestig. Ekonomiese aanwysers van bou- en konstruksiebedrywigheid het nie enige ommekeer van die dalende neiging getoon nie, maar hul afwaartse beweging het geneig om af te plat. Indiensnemingsyfers is nog nie vir die eerste kwartaal beskikbaar nie maar 'n geringe verbetering in die totale werkverskaffing het teen die einde van verlede jaar voorgekom.

Geringe verbetering in die arbeidstoestand

Met dieselfde verloop as die reële ekonomiese bedrywigheid, het die indiensneming in die nie-landbousektore van die ekonomie gedurende die eerste kwartaal van 1977 afgeneem, gedurende die tweede en derde kwartale min of meer onveranderd gebly, en gedurende die vierde kwartaal effens gestyg. Die werkverskaffing in hierdie sektore was in 1977 gemiddeld 0,1 persent laer as in die voorafgaande jaar. Wat individuele sektore betref, het die indiensneming in die openbare sektor, plaaslike besture uitgesluit, in al vier kwartale van 1977 aangehou om te styg; die werkverskaffing deur plaaslike besture sowel as private fabriekswese het gedurende die eerste drie kwartale afgeneem maar gedurende die vierde kwartaal toegeneem; die werkverskaffing in die private konstruksiebedryf het in al vier kwartale afgeneem maar die koers van afname was merkbaar laer in die vierde kwartaal;


die indiensneming in die goudmynbou het gedurende die tweede helfte van 1977 gestyg, met veral 'n groot toename gedurende die laaste kwartaal; en die werkverskaffing in die nie-goudmynbou het gedurende die tweede helfte van verlede jaar afgeneem, waarby die koers van afname in werklikheid gedurende die vierde kwartaal gestyg het.

Ure gewerk deur produksiewerkers in fabriekswese en konstruksie, 1977

	1ste kw.	2de kw.	3de kw.	4de kw.	Jaar
Persentasieverandering in totale ure gewerk:					
Fabriekswese	3,1	-2,3	-1,2	-0,5	-1,4
Konstruksie	3,4	-3,9	-2,2	-4,3	-7,0
Oortydure as persentasie van gewone ure gewerk:					
Fabriekswese	10,7	10,1	10,2	10,5	10,4
Konstruksie	10,8	9,2	9,5	9,6	9,8

Die geringe verbetering in die totale werkverskaffing teen die einde van 1977 is bevestig deur 'n afname in werkloosheid onder sommige bevolkingsgroepe gedurende die eerste vier maande van 1978. Die geregistreerde aantal werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs, wat van 21 084 in Desember 1976 tot 34 641 in Desember 1977 gestyg het, het tot 30 229 in April afgeneem. Dit word geraam dat die werkloosheid onder

Werkloosheid



hierdie bevolkingsgroepe in die eerste kwartaal van 1978 gemiddeld sowat 1,5 persent van die betrokke arbeidsmag beloop het.


Die totale aantal ure deur produksiewerkers in die fabriekswese en konstruksie gewerk, het gedurende die laaste drie kwartale van 1977 afgeneem. In die geval van die fabriekswese het die koers van afname in die vierde kwartaal egter merkbaar afgeneem. Die gemiddelde aantal weeklikse oortydure gewerk deur produksiewerkers in die betrokke twee sektore het gedurende die laaste twee kwartale van 1977 matig toegeneem en dit is weerspieël in die verhouding van oortyd- tot gewone ure gewerk. In die vierde kwartaal was die aantal oortydure gewerk in die fabriekswese en konstruksie gemiddeld onderskeidelik 7 persent en 8 persent hoër as in die vierde kwartaal van 1976.

Tydlike versnelling in die koers van prysstygings

Nadat die koerse van stygings in die groothandels- en verbruikerspryse in die loop van 1977 betekenisvol gedaal het, het dit weer in die eerste kwartaal van 1978 versnel, hoofsaaklik as gevolg van verhogings van staatsgeadministreerde pryse en hoër pryse van voedsel en ingevoerde goedere. 'n Geringe verlang-

Pryse

Persentasieverandering oor twaalf maande



saming van albei koerse van toename het egter gedurende Maart voorgekom.

Op 'n kwartaalbasis het die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die verbruikerspryse vanaf 9,8 persent in die vierde kwartaal van 1977 tot 10,2 persent in die eerste kwartaal van 1978 gestyg. Die styging in die eerste drie maande was hoofsaaklik die gevolg van hoër voedselpryse, veral van suiker, graan en graanprodukte. Indien die invloed van die voedselpryse op die verbruikersprysindeks uitgesluit word, het die afwaartse neiging in die koers van toename in die indeks wat gedurende 1977 waargeneem is, egter gedurende die eerste kwartaal van 1978 voortgeduur. Vergeleke met die ooreenstemmende maand van die voorafgaande jaar, het die verbruikerspryse in Januarie met 11,3 persent, in Februarie met 10,6 persent, in Maart met 9,9 persent, en in April met 9,7 persent toegeneem.

Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die groothandelspryse het van 6,5 persent in die vierde kwartaal van 1977 tot 13,8 persent in die eerste kwartaal van 1978 versnel. Dit was hoofsaaklik te wyte aan hoër koerse van toename in die pryse van steenkool en plaaslik vervaardigde basiese metale, metaalprodukte en voedsel, in elektrisiteitstariewe, en in die pryse van ingevoerde goedere. Die skerper styging in die pryse van ingevoerde goedere was gedeeltelik toe te skryf aan die daling in die wisselkoers van die rand, wat die depresiasie in ooreenstemming met die Amerikaanse dollar weerspieël het. Vergeleke met die ooreenstemmende maand van die voorafgaande jaar, het die groothandelsprysindeks in Januarie 1978 met 10,2 persent, in Februarie met 10,4 persent, in Maart met 9,5 persent en in April met 9,7 persent toegeneem.

Jaarlikse persentasieverandering in kwartaallike gemiddeldes van seisoensaangesuiwerde maandindeks
%


	4de kw. 1976 tot 1ste kw. 1977	1ste kw. 1977 tot 2de kw. 1977	2de kw. 1977 tot 3de kw. 1977	3de kw. 1977 tot 4de kw. 1977	4de kw. 1977 tot 1ste kw. 1978
Verbruikerspryse	13,0	11,2	11,2	9,8	10,2
Goedere	14,5	11,5	10,6	9,6	10,9
Dienste	9,8	10,2	12,4	10,3	7,9
Totaal, uitgesonderd voedsel	12,3	12,1	12,0	9,5	7,9
Groothandelspryse	16,0	13,1	6,9	6,5	13,8
S.A. goedere	18,0	12,3	6,1	7,3	14,1
Ingevoerde goedere	10,0	16,0	9,2	4,2	13,0

Betalingsbalans

Verdere oorskot op lopende rekening

Die lopende rekening van die betalingsbalans het in die eerste kwartaal van 1978 weer 'n oorskot getoon, die vierde opeenvolgende oorskot wat aangeteken is sedert die saldo op lopende rekening vroeg in 1977 positief geword het. Die oorskot van R503 miljoen in die eerste kwartaal was aansienlik groter as die ooreenstemmende syfer van R205 miljoen in die vierde kwartaal van verlede jaar, maar hierdie toename was te danke aan seisoensinvloede. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die oorskot van R2 192 miljoen in die laaste kwartaal van 1977 tot R1 193 miljoen in die eerste kwartaal van 1978 afgeneem. Hierdie afname verteenwoordig die gesamentlike uitwerking van 'n opmerkbare daling in goedere-uitvoere, 'n matige styging in goedere-invoere, 'n skerp toename in die netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld, en 'n slegs gedeeltelik kompenserende styging in die netto goudproduksie.

Lopende rekening van die betalingsbalans



Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die uitvoer van goedere in die eerste kwartaal van 1978 tot R6 319 miljoen afgeneem nadat dit gedurende 1977 aansienlik gestyg het om in die laaste kwartaal die hoë vlak van R7 034 miljoen te bereik. Hierdie afname het voorgekom ondanks die feit dat die pryse van die meeste van Suid-Afrika se belangrikste uitvoerprodukte 'n meer gunstige neiging op die internasionale kommoditeitsmarkte getoon het. Skerp stygings is byvoorbeeld aangeteken in die pryse van platina en mielies, terwyl die koers van afname in die pryse van koper en wol aanmerklik verminder het. Die laer vlak van uitvoere gedurende die eerste kwartaal was bykans uitsluitlik die gevolg van kleiner uitvoere van diamante en suiker. Die seisoensaangesuiwerde waarde van die uitvoer van diamante het aansienlik gedaal, gedeeltelik vanweë die instelling in Maart van 'n heffing van 40 persent op diamantverkope deur die Sentrale Verkoopsorganisasie. Die daling in die uitvoer van suiker kan toegeskryf word aan die nuwe Internasionale Suikerooreenkoms wat aan die begin van 1978 in werking getree het. Nadat die verkope gedurende 1977 in afwagting van die instelling van die nuwe ooreenkoms vervoeg is, het die volume van die suikeruitvoer gedurende die eerste drie maande van 1978 aansienlik afgeneem.

Die invoer van goedere, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, het matig gestyg van R6 818 miljoen in die vierde kwartaal van 1977 tot R7 037 miljoen in die eerste kwartaal van 1978, wat 'n weerspieëling van prys- sowel as volumetoenames was. Die koers van toename in die invoerpryse het in die eerste kwartaal opmerklik versnel vanweë hoër inflasiekoerse in die meeste handelsvennootlande en 'n depresiasie van die effektiewe wisselkoers van die rand. Die volume van die goedere-invoer het gedurende die afgelope vyf kwartale aansienlik geskommel en nadat dit in die vierde kwartaal van 1977 afgeneem het, het dit in die eerste kwartaal van 1978 weer toegeneem. Die toename in die waarde van die goedere-invoer het onder die meeste klasse van invoergoedere voorgekom, maar die grootste toenames is in invoere van masjinerie en elektriese toerusting, chemiese produkte, tekstiele en minerale aangeteken. In teenstelling hiermee, het die invoer van vervoertoerusting skerp afgeneem.

Die toename in dienstebetalings aan buitelanders het die styging in dienste-ontvangste oorskry, terwyl die netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, skerp toegeneem het van R1 298 miljoen in die laaste kwartaal van 1977 tot R1 465 miljoen in die eerste kwartaal van 1978. Die toename in dienstebetalings is meegebring deur 'n opmerkbare toename in betalings vir vervoerdienste en hoër dividendbetalings op buitelandse beleggings. 'n Toename in die waarde van skeepsvoorrade wat aan buitelandse skepe voorsien is en in verdienstes op beleggings in ander lande was

verantwoordelik vir die grootste deel van die styging in diens-ontvangste van buitelanders gedurende die eerste kwartaal.

Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die netto goudproduksie verder toegeneem van die hoë vlak van R3 274 miljoen in die vierde kwartaal van 1977 tot R3 376 miljoen in die eerste kwartaal van 1978. Dit was hoofsaaklik die gevolg van 'n styging in die goudprys. Die gemiddelde prys van goud per fyn ons op die Londense mark het van \$160,48 in die vierde kwartaal van 1977 tot \$178,39 in die eerste kwartaal van 1978, dit wil sê met 11,2 persent gestyg. Die goudprys het op 8 Maart 'n hoogtepunt van \$190,00 per fyn ons bereik voordat dit tot 'n laagtepunt van \$167,65 op 25 April gedaal het. Vervolgens het die prys weer tot \$179,20 op 22 Mei 1978 verbeter.

Aansienlike netto uitvloeiing van kapitaal

'n Aansienlike netto uitvloeiing van kapitaal, wat R531 miljoen beloop het, is gedurende die eerste kwartaal van 1978 aangeteken, vergeleke met 'n uitvloeiing van R264 miljoen gedurende die voorafgaande kwartaal. Die uitvloeiing gedurende die eerste kwartaal het uit 'n netto uitvloeiing van kort- sowel as langtermynkapitaal bestaan. Die oorskot op die lopende rekening, nie seisoensaangesuiwerd nie, het egter in so 'n mate verbeter dat selfs indien die uitvloeiing van langtermynkapitaal in aanmerking geneem word, die basiese saldo van 'n oorskot van R263 miljoen in die vierde kwartaal van 1977 tot 'n oorskot van R392 miljoen in die eerste kwartaal van 1978 toegeneem het.

Die netto uitvloeiing van langtermynkapitaal gedurende die eerste kwartaal word gedeeltelik verklaar deur verdere terugbetalings op buitelandse lenings deur die sentrale regering. Hierdie terugbetalings is vergemaklik deur die verbetering van die lopende rekening van die betalingsbalans en die regering se suksesvolle leningsbedrywighede op die binnelandse kapitaalmarkt. Die ontstaan van 'n redelik groot netto uitvloeiing van langtermynkapitaal vanaf die private sektor was

Netto kapitaalbewegings

R miljoene

	1977 4de kw.	1978 1ste kw.
Langtermynkapitaal		
Sentrale regering en banksektor	-166	-92
Openbare korporasies en plaaslike owerhede	53	119
Private sektor	171	-138
Totaal	58	-111
Korttermynlaste verwant aan reserwes	-118	-78
Ander korttermynkapitaal, insluitende onaangetekende transaksies	-204	-342
Totale netto kapitaalbewegings	-264	-531

Betalingsbalans



hoofsaaklik te wyte aan 'n toename in buitelandse taksaldo's wat uit diamantverkope teen die einde van Maart voortgespruit het. Hierbenewens het die vlak van die binnelandse investering, wat nog steeds laag was, en die bestaan van oortollige produksiekapasiteit min aansporing vir 'n invloeiing van buitelandse kapitaal gebied en in plaas daarvan is daar netto terugbetalings op buitelandse langtermynlenings gemaak. In teenstelling met hierdie uitvloeiings van langtermynkapitaal, het die netto invloeiing van hierdie soort kapitaal na die openbare korporasies en plaaslike owerhede ge-

durende die eerste kwartaal skerp toegeneem. Soos in die voorafgaande kwartaal, is daar nuwe lenings vir die finansiering van Sasol se olie-uit-steenkool-projek en Evkom se kernkragentrale verkry. Openbare korporasies was egter ook netto buitelandse leners, hoofsaaklik vir die finansiering van ander infrastrukturele ontwikkelingsprojekte.

Wat die netto uitvloeiing van korttermynkapitaal betref, is daar deur die monetêre owerhede verdere terugbetalings gemaak op buitelandse korttermynlenings wat voorheen vir die ondersteuning van die vlak van die buitelandse reserwes opgeneem is. Die korttermynlaste verwant aan reserwes het gevolglik gedurende die eerste kwartaal verder afgeneem, wat die totale afname gedurende die afgelope vier kwartale op R354 miljoen te staan gebring het. Die netto uitvloeiing van korttermynkapitaal nie verwant aan reserwes nie, was vir die grootste deel van die totale kapitaaluitvloeiing gedurende die eerste kwartaal verantwoordelik. Hierdie uitvloeiing het waarskynlik nog steeds in verband gestaan met die politieke onsekerhede in Suidelike Afrika en 'n afname in buitelandse finansiering van buitelandse handelstransaksies. Gedurende die eerste kwartaal het die effektiewe koste van handelsfinansiering in V.S.A. dollars en sterling laer gebly as die ooreenstemmende koste van binnelandse finansiering. Gedurende April het 'n daling in die binnelandse korttermynrentekoerse en 'n gelyktydige styging in hierdie koerse in die Verenigde State van Amerika meegebring dat die marge tussen die effektiewe koste van handelsfinansiering in rand en in V.S.A. dollars verdwyn het. Nadat dit vroeg in April gedaal het, het die marge tussen die effektiewe koste van handelsfinansiering in rand en in sterling egter teen die einde van die maand na sy vorige vlak teruggekeer.


Goud- en ander buitelandse reserwes

Die oorskot op die lopende rekening en positiewe waardasie-aansuiwering is gedurende die eerste kwartaal van 1978 deur die netto uitvloeiing van kapitaal oorskry, met die gevolg dat die bruto goud- en ander buitelandse reserwes met R16 miljoen tot R772 miljoen aan die einde van Maart gedaal het. Die netto daling in die laste verwant aan reserwes het in die eerste kwartaal 'n styging van R50 miljoen in die netto goud- en ander buitelandse reserwes meegebring, vergeleke met 'n toename van R59 miljoen in die vorige kwartaal. Alhoewel die bruto goud- en ander buitelandse reserwes van die einde van September 1977 tot die einde van Maart 1978 met R64 miljoen gedaal het, het die netto goud- en ander buitelandse reserwes gedurende hierdie tydperk met R109 miljoen toegeneem.

Gedurende April het die goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank met R1 025 miljoen tot 'n vlak van R1 659 miljoen aan die einde van die maand toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van die herwaardering van die goudreserwes in ooreen-

stemming met die aankondiging wat op 10 April 1978 deur die Minister van Finansies gedoen is. Voorheen is die Bank se goudreserwes teen die statutêre prys van R29,55 per fyn ons waardeer. Op 1 April 1978 het die gewysigde Akte van Ooreenkoms van die Internasionale Monetêre Fonds in werking getree, wat onder andere beteken dat die amptelike goudprys afgeskaf is en dat dit die monetêre owerhede van ledelande nou wetlik vrystaan om goud teen markverwante pryse te koop en te verkoop. In ooreenstemming met hierdie nuwe reëlings, sal die Reserwebank se goudreserwes voortaan aan die einde van elke kalendermaand waardeer word teen 'n prys wat gelyk staan aan 90 persent van die gemiddelde van die laaste tien Londense prysvastellings gedurende die maand. Die prys wat volgens hierdie formule vasgestel is, het aan die einde van April R132,28 per fyn ons beloop.

Goud- en ander buitelandse reserwes



Monetêre en banktoestand

Lae koers van toename in geld en kwasi-geld*

Die jaarkoers van toename in die geld- en kwasi-geldhoeveelheid, wat skerp van 23 persent gedurende die tweede kwartaal van 1977 tot slegs 2 persent gedurende die vierde kwartaal gedaal het, het gedurende die eerste kwartaal van 1978 op dieselfde lae vlak gebly. Aan die einde van Maart 1978 was die hoeveelheid geld en kwasi-geld slegs sowat een persent, d.w.s. R98 miljoen, hoër as aan die einde van September 1977.

Nadat dit gedurende die tweede helfte van 1977 teen 'n jaarkoers van 3 persent afgeneem het, het die eng-gedefinieerde geldhoeveelheid gedurende die eerste kwartaal van 1978 teen 'n jaarkoers van bykans 4 persent gestyg. Aan die einde van Maart 1978 was dit egter nog steeds effens laer as aan die einde van Junie 1977.

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld

Die klein toename in die geld- en kwasi-geldvoorraad gedurende die eerste kwartaal van 1978 is veroorsaak deur matige stygings in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor en in hierdie sektor se eise teen die private sektor. Hierdie stygings is bykans geheel en al geneutraliseer deur 'n afname in die netto eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor en 'n verdere skerp styging in die langtermyndeposito's van die private sektor by monetêre bankinstellings.

Die netto eise teen die regeringsektor, wat gedurende die tweede helfte van 1977 per saldo geen toename getoon het nie, het gedurende die eerste kwartaal van 1978 effens met R65 miljoen afgeneem.

*Tensy anders aangedui, word veranderings in die geld- en kwasi-geldhoeveelheid en oorsake van sodanige veranderings uit seisoensaangesuiwerde gegewens bereken.

'n Aansienlike styging in die regeringsdeposito's was grotendeels vir hierdie daling verantwoordelik. Die eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor het oor die afgelope jaar nie gestyg nie en was aan die einde van Maart 1978 in werklikheid ongeveer 1 persent laer as aan die einde van Maart 1977.

Die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor, wat gedurende die laaste drie kwartale van 1977 gestyg het, het in die eerste kwartaal van 1978 verder met R57 miljoen toegeneem. Die langtermyndeposito's van die private sektor by die banksektor, wat sedert die derde kwartaal van 1976 toegeneem het, het gedurende die eerste kwartaal van 1978 aangehou om te styg. Hierdie styging het ongeveer 7 persent of R186 miljoen beloop, wat die totale toename vanaf die lae peil wat aan die einde van Julie 1976 bereik is, op R782 miljoen te staan gebring het.

Toename in bankkrediet aan die private sektor

Die eise van die monetêre banksektor teen die private sektor, wat gedurende die tydperk vanaf April tot Julie 1977 opmerklik toegeneem het, het gedurende die res van die jaar aansienlik geskommel en gedurende die laaste vyf maande van 1977 per saldo 'n klein afname getoon. Die skommelings het in die eerste drie maande van 1978 voortgeduur en vir die eerste kwartaal in sy geheel het die eise van die monetêre banke teen die private sektor met R204 miljoen gestyg, wat 'n jaarkoers van toename van bykans 9 persent verteenwoordig het. Dit het die koers van 6 persent vir die jaar 1977 oorskry en was blykbaar die gevolg van 'n betreklik algemene toename in die private sektor se vraag na bankkrediet. Voorlopige gegewens ten opsigte van die diskonteringe en voorskotte van die vyf grootste bankinstellings en hulle filiale dui egter daarop dat hierdie toename in bankkrediet moontlik nie in April voortgesit is nie.


'n Ontleding van die eise teen die private sektor, voor uitskakeling van die seisoensinvloed, toon dat die

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld

R miljoene


	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie			Seisoensinvloed uitgeskakel		
	1977		1978	1977		1978
	3de kw.	4de kw.	1ste kw.	3de kw.	4de kw.	1ste kw.
Netto goud- en ander buitelandse reserwes	-6	80	45	20	63	57
Eise teen die regeringsektor						
Bruto eise	348	77	-47			
Regeringsdeposito's (toename -, afname +)	-732	41	-306			
Netto eise	-384	118	-353	-71	71	-65
Eise teen die private sektor	322	-51	215	247	-60	204
Langtermyndeposito's (toename -, afname +)	-12	-196	-128	-61	-187	-186
Netto ander bates	134	207	82			
Totale oorsake van veranderings	54	158	-139	140	50	48

Veranderings in geld en kwasi-geld



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld

Veranderings in:



diskonteringe, lenings en voorskotte van die handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke gedurende die eerste kwartaal van 1978 met R269 miljoen gestyg het, waarvan die toename gedurende Maart alleen R99 miljoen bedra het. Dit kan vergelyk word met 'n daling van R157 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1977 en 'n styging van slegs R117 miljoen gedurende 1977 in sy geheel. Alhoewel huurkoopkrediet gedurende die eerste kwartaal van 1978 baie min verandering getoon het, het bruikhuurfinansiering met R59 miljoen toegeneem. Hierteenoor het wissels verdiskonteer deur monetêre bankinstellings en die kaskredietvoorskotte van die Landbank met onderskeidelik R119 miljoen en R99 miljoen gedaal.

As gevolg van die betreklik groot toename in die banke se kredietverlening aan die private sektor, het die bedrag van die onbenutte fasiliteite onder die plafonne op die krediet aan die private sektor gedurende die eerste kwartaal van 1978 met R116 miljoen gedaal. In die geval van sekere bankgroepe het die oorblywende fasiliteite onder die plafonne aan die einde van Maart betreklik min ruimte vir verdere kredietuitbreiding oorgelaat.

Ten einde meer ruimte vir kredietuitbreiding te voorsien, is die kredietplafonne met ingang 1 Mei met 'n bykomende 4 persent van die basissyfers soos op 31 Desember 1975 verhoog. Hierbenewens is die totale bedrag van die kredietverlening aan die private sektor, soos vir doeleindes van die kredietplafonne omskryf, wat 'n bankinstelling nie mag oorskry sonder om aan die plafonvereistes onderhewig te word nie, van R10 miljoen tot R15 miljoen verhoog. Die reëling waarvolgens die plafonne elke maand met $\frac{1}{2}$ persent van die basissyfers verhoog word, bly van toepassing.

Seisoenale daling in banklikwiditeit

Die oorskotlikwiditeit van bankinstellings, wat aan die einde van Desember 1977 betreklik aansienlik was, het gedurende die eerste drie maande van 1978 'n grotendeels seisoenale afname getoon. Die oorskotlikwiditeitsverhouding ten opsigte van alle banke het van 3,3 persent aan die einde van Desember tot 1,0 persent aan die einde van Februarie gedaal voordat dit weer effens tot 1,2 persent aan die einde van Maart gestyg het. Hierdie ontwikkelings was hoofsaaklik 'n weer-

Oorskotlikwiditeitsverhoudings van bankinstellings

	1977				1978			
	Des.	Jan.	Feb.	Mrt.	Des.	Jan.	Feb.	Mrt.
Handelsbanke	4,7	1,8	1,3	1,3				
Ander monetêre banke	0,9	0,7	0,7	1,3				
Ander banke	-1,1	-0,8	-1,3	-1,3				
Alle banke	3,3	1,3	1,0	1,2				

spieëling van die seisoenale beweging van fondse na die regering sowel as van die taamlik groot toename in die banke se kredietverlening gedurende die eerste kwartaal. In die geval van die handelsbanke was die daling in die oorskotlikwiditeit selfs nog meer opmerklik, naamlik van 4,7 persent aan die einde van Desember tot 1,3 persent aan die einde van sowel Februarie as Maart.

Geldmark

Die toestand op die geldmark was in die begin van 1978 betreklik ruim maar het dwarsdeur Januarie en Februarie progressief vernou, waardeur die mark oor die maandeinde van Februarie en gedurende die eerste week van Maart sy stramste toestande ondervind het. Daarná het die mark gedurende die res van Maart slegs effens, maar gedurende April en die eerste twee weke van Mei betekenisvol, verruim. Dwarsdeur die eerste paar maande van die jaar was die belangrikste oorsaak van verandering in die geldmarktoestand die vloeï van fondse na en van die regering, waarby belastingontvangste grotendeels vir die vernouing gedurende Januarie en Februarie verantwoordelik was terwyl owerheidsbesteding die vinnige verruiming gedurende April meegebring het.

Die daggeldlenings aan die diskontohuise het oor die maandeinde van Februarie hul laagste peil van die jaar bereik en op 3 Maart R607 miljoen beloop. Nadat dit gedurende Maart matig toegeneem het, het hierdie lenings dwarsdeur April en die eerste deel van Mei vinnig gestyg en op 12 Mei 'n bedrag van ongeveer R866 miljoen bereik. Die netto vrye saldo's van monetêre bankinstellings by die Reserwebank en die Nasionale Finansiële Korporasie het insgelyks oor die Februarie-maandeinde en in die begin van Maart seisoenaal lae vlakke getoon. Nadat dit gedurende die res van Maart min verandering getoon het, het die monetêre banke se netto vrye saldo's by die Reserwebank en die Nasionale Finansiële Korporasie vanaf die einde van Maart tot 12 Mei egter met R255 miljoen gestyg. Die akkommodasie van die Reserwebank aan die diskontohuise, wat aan die einde van Februarie meer as R200 miljoen bedra het, het tot ongeveer R93 miljoen aan die einde van Maart en tot nul op 12 Mei gedaal.

Die korttermynrentekoerse het hierdie veranderings in die beskikbaarheid van fondse in die geldmark weerspieël. Nadat dit gedurende die eerste paar dae van Maart 'n hoogtepunt bereik het, het dit gedurende die res van die maand effens en gedurende April en die eerste deel van Mei meer opmerklik gedaal. Die koers op verhandelbare depositosertifikate van drie maande het byvoorbeeld van 9,75 persent op 3 Maart tot 9,5 persent op 31 Maart gedaal voordat dit gestadig tot 8,55 persent op 12 Mei afgeneem het. Die koers op bankakseptate van drie maande het op soortgelyke wyse van 9,5 persent tot 9,4 persent gedurende Maart en

Geldmarkrentekoerse



vervolgens tot 8,6 persent op 12 Mei gedaal. Die daggeldkoers van die diskontohuise het van 8,5 persent op 31 Maart tot 7,8 persent op 12 Mei afgeneem. Die Skatkisswissel-tenderkoers het gedurende Maart effens van 7,97 persent tot 8,00 persent verstewig, maar op die tweede Vrydag in Mei weer tot 7,98 persent gedaal.

Gedurende die eerste vier maande van 1978 het die Reserwebank voortgegaan om oorskotlikwiditeit te absorbeer deur die verkoop van kort-, middel- en langtermynstaatseffekte in die opmerk aan bankinstellings, die diskontohuise en institusionele beleggers. Die Bank se totale verkope van hierdie effekte het gedurende hierdie tydperk effens meer as R85 miljoen beloop.

Staatsfinansies

Toename in skatkisuitreikings gedurende laaste kwartaal van fiskale jaar

Ná die kleiner as begrote toename in die skatkisuitreikings gedurende die eerste nege maande van die fiskale jaar 1977/78, was die uitreikings gedurende die laaste kwartaal van die fiskale jaar, dit wil sê die tydperk Januarie tot Maart 1978, nie minder nie as 34 persent hoër as gedurende die laaste kwartaal van die fiskale jaar 1976/77. Die skatkisontvangste (uitgesonderd lenings), wat teen die einde van 1977 'n vinniger koers van toename begin toon het, was in die laaste kwartaal van die fiskale jaar 1977/78 20 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande fiskale jaar. Hierdie toename, wat aansienlik groter was as die toename van 12 persent gedurende die eerste nege maande van die fiskale jaar, was die gevolg van verhoogde invorderings van doeane-, aksyns- en verkoopreg en van inkomstebelasting- en ander betalings deur goudmynmaatskappye.

Die hoë vlak van die uitreikings gedurende die betrokke tydperk van drie maande het 'n skatkistekort van R378 miljoen tot gevolg gehad. Hierdie inkomstetekort is egter meer as ten volle deur binnelandse nie-banklenings van R391 miljoen gedek. Aangesien die Tesourie ook buitelandse lenings ten bedrae van R119 miljoen terugbetaal het, het sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor met R106 miljoen toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n afname in die kontantsaldo op die Skatkisrekening.

Die fiskale jaar 1977/78

Gedurende die fiskale jaar wat op 31 Maart 1978 geëindig het, het die skatkisuitreikings R9 268 miljoen bedra, of 11,3 persent meer as in 1976/77. Alhoewel hoër as die oorspronklike Begrotingsraming, was hierdie persentasietoename aansienlik laer as die 17 persent wat in 1976/77 aangeteken is en was dit 'n weerspieëling van die beleid van finansiële beperking wat in die Begroting van 1977/78 aanvaar is. Die inkomste-invorderings het gedurende die fiskale jaar R7 370 miljoen bedra, of 16 persent meer as in 1976/77, maar het nie aan die Begrotingsverwagtings voldoen nie. Die laer as verwagte invordering van inkomste het in feitlik alle inkomsteposte na vore gekom, maar veral in doeane-regte, wat nadelig deur die afname in die invoer geraak is, en in inkomstebelasting-ontvangste. Veral die inkomstebelasting- en huurkontrakbetalings deur goudmynmaatskappye het heelwat laer as die Begrotingsramings gebly, ten spyte van die aansienlike styging daarin gedurende die laaste kwartaal van die fiskale jaar toe die invloed van die vroeëre skerp styging in die goudprys op die mynbou-winsgewendheid duidelik begin word het.

Die tekort op die Skatkisrekening gedurende die fiskale jaar onder beskouing het R2 013 miljoen bedra, of R41 miljoen meer as in 1976/77. Die suksesvolle plasing van binnelandse lenings het die Tesourie in staat gestel om die grootste deel van hierdie tekort uit nie-bankbronne te finansier en om terselfdertyd 'n aansienlike deel van sy buitelandse skuld af te los. Terugbetalings van buitelandse lenings het R157 miljoen bedra, teenoor 'n toename van R356 miljoen (met insluiting van trekkings by die Internasionale Monetêre Fonds) in buitelandse skuld gedurende

Inkomste-invorderings – Staatsinkomstefonds


R miljoene

	Jan.–Maart		Fiskale jare geëindig 31 Maart		
	1977	1978	1977	1978	
				Begrotingsramings	Werklik
Doeane-, aksyns- en verkoopreg¹					
Doeanereg	73	170	324	741	673
Aksynsreg	219	247	834	894	883
Verkoopreg	66	95	273	337	337
Totaal	358	512	1 432	1 972	1 892
Binnelandse inkomste					
Inkomstebelasting (uitgesonderd betalings deur goudmyne)	1 075	1 179	3 395	3 822	3 732
Betalings deur goudmyne ²	98	173	408	560	445
Ander	363	415	1 145	1 195	1 299
Totaal	1 536	1 767	4 948	5 577	5 477
Totale inkomste-invorderings	1 895	2 280	6 379	7 548	7 370

1 Insluitende invorderings ten opsigte van betalings aan aangrensende gebiede kragtens doeane-ooreenkomste


2 Bestaande uit inkomstebelasting- en goudmynhuurkontrakbetalings

Skatkisrekening




1976/77 Lenings wat van die private nie-banksektor verkry is, het R1 222 miljoen bedra, selfs nadat die terugbetaling van R232 miljoen ten opsigte van invoer-deposito's in ag geneem is, en het die ooreenstemmende syfer vir 1976/77 met R324 miljoen oorskry. Die fondse wat van die private nie-banksektor opgeneem is, is hoofsaaklik deur middel van effekte-uitgifte verkry. Die netto nuwe uitgifte van bemerkbare effekte het R866 miljoen bedra en is goed ondersteun deur die finansiële instellings, wat aan hoër voorgeskrewe beleggingsvereistes moes voldoen op 'n tydstip toe slegs beperkte alternatiewe beleggingsmoontlikhede in die private sektor beskikbaar was. Die Staatskuldkommissarisse se netto belegging in staatskuldbewyse het van R185 miljoen in 1976/77 tot R573 miljoen in 1977/78 toegeneem en sou selfs nog hoër gewees het as hulle nie aan die einde van die fiskale jaar 'n bedrag van R375 miljoen by die Nasionale Finansiële korporasie en die diskontohuise belê het nie. Die Tesourie se netto skuldposisie teenoor die

Tekort op Skatkisrekening



Persentasie van Skatkisrekeningtekort gefinansier deur binnelandse nie-banksektor



monetêre banksektor het gedurende 1977/78 met R374 miljoen gestyg, of met R158 miljoen minder as gedurende die voorafgaande fiskale jaar. Hierdie sektor se belegging in staatskuldbewyse het met R446 miljoen gestyg, maar die skatkissaldo het terselfdertyd met R71 miljoen toegeneem.

Die Begroting vir 1978/79

Die korttermyn beleidstrategie soos vervat in die Begroting van die sentrale regering, wat op 29 Maart 1978 deur die Minister van Finansies aan die Parlement voorgelê is, behels die aanmoediging van ekonomiese groei binne 'n raamwerk van finansiële dissipline. Hierdie benadering is aanvaar in die lig van die sukses wat gedurende die afgelope jaar behaal is met die verbetering van die betalingsbalans. Die Minister het die mening uitgespreek dat alles nie alleen gereed is vir 'n nuwe opswaai in die konjunkturgolf nie, maar dat belangrike ekspansionistiese invloede ook

reeds in die ekonomie aan die werk is. Die noodsaaklikheid van 'n klemverskuiwing in die ekonomiese beleid is alreeds in Augustus 1977 deur die Minister aangedui en stappe in hierdie rigting is gedoen, met name in November verlede jaar, deur die instelling van matig stimulerende maatreëls. Ten einde verdere stukrag aan hierdie klemverskuiwing te verleen, het die Begroting beoog om daardie beperkings op ekonomiese uitbreiding wat nie meer die doel dien om óf die betalingsbalans te verbeter óf die inflasiekoers te verminder nie, uit die weg te ruim.

Ten opsigte van die uitgawes is die beleid van finansiële beperking wat in 1977/78 aanvaar is, in breë trekke voortgesit. Bepaalde uitgaweposte is egter geag om spesiale aandag te verdien. Aansienlike verhogings van die uitgawes is derhalwe deur die Minister aangekondig ten opsigte van uitvoerbevordering, behuising, openbare werke en die nuwe olie-uit-steenkool-projek, terwyl pensioen- en maatskaplike voordele aanmerklik verhoog is. Die totale uitgawes vir 1978/79 sal na verwagting met effens meer as 9 persent toeneem, of met omtrent 2 persentasiepunte minder as in 1977/78. Die hoofrede vir hierdie betreklik lae koers van toename is die werklike vermindering van bykans 6 persent in die begrotingspos Verdediging. Met uitsluiting van verdediging, sal die uitgawes volgens verwagting met bykans 13 persent toeneem, vergeleke met 9 persent in 1977/78.

Soos in die Begrotingsrede van 1977/78 in die vooruitsig gestel is, het die Minister die instelling van 'n algemene verkoopbelasting op kleinhandelsvlak vanaf 3 Julie 1978 voorgestel. Dit word verwag dat hierdie belasting, wat teen 'n koers van 4 persent hef sal word, gedurende 1978/79 R650 miljoen sal oplewer. Die bestaande verkoopsreg word voorlopig behou maar is met 5 persentasiepunte *ad valorem* verminder. Die Minister het in beginsel die voorstel van die Staande Belastingkommissie aanvaar om die bestaande verkoopsreg op sekere uitgesoekte minder noodsaaklike goedere, wat aan relatief hoë regte onderhewig is, in *ad valorem* aksynsregte te omskep. Dit is die bedoeling om hierdie verandering later in die fiskale jaar deur te voer. Weens die behoefte aan bykomende inkomste, is die tydelike toeslag van 15 persent op invoere, wat in Maart 1977 opgelê is, nie afgeskaf nie maar tot 12,5 persent verlaag. Die Minister het egter sy voorneme te kenne gegee om die toeslag verder te verminder, en dit moontlik uit te faseer soos en wanneer fiskale omstandighede dit toelaat. Hy het ook geraam dat die instelling van die algemene verkoopbelasting en die verlaging van die verkoopreg en die bo-belasting op invoere netto ontvangste van R395 miljoen gedurende 1978/79 tot gevolg sal hê. Ten einde die regressiewe aard van die nuwe belasting te verminder, het die Minister 'n bedrag van R20 miljoen vir die stabilisering van die pryse van basiese voedselsoorte beskikbaar gestel en ook die vaste belasting wat op volwasse Swartmans hef word, afgeskaf.

Die 1978/79-Begroting

	R miljoene	Per- sentasie ver- andering
Uitgawes	9 811	9,1
Inkomste	7 668	8,8
Tekort (uitgesonderd lenings)	2 143	10,4
Terugbetaling van skuld:		
Binnelands	1 522	
Buitelands	232	
Totale leningsbehoefte	3 897	
Finansiering:		
Binnelandse lenings:		
Staatskuldkommissaris	650	
Omsetting van effekte	1 230	
Nuwe effekte-uitgifte	750	
Nie-bemerkbare skuld	795	
Buitelandse lenings	75	
Aanwending van beskikbare kontantsaldo's	397	
Totale finansiering	3 897	

In ooreenstemming met die algemene oogmerk van die Begroting, is verskeie ander toegewings gemaak, waarvan die belangrikste bestaan uit die vermindering met 2½ persentasiepunte van die toeslag op die normale belasting wat deur alle maatskappye betaalbaar is en die afskaffing van die toeslag van 10 persent wat deur individue betaal word. Die verlies aan inkomste uit hoofde van hierdie toegewings word vir die fiskale jaar 1978/79 op onderskeidelik R48 miljoen en R132 miljoen geraam. Die verpligte leningsheffing wat deur maatskappye en individue betaal word, is teen die bestaande koerse gehandhaaf, maar ten einde die kontantvloeioposisie van belastingbetalers te verbeter, het die Minister voorgestel dat die terugbetaling van die leningsheffing van 1972, wat in Februarie 1979 betaalbaar is, na Julie vanjaar vervoeg word.


Soos in die bygaande tabel getoon word, word geraam dat die totale uitgawes met 9,1 persent en die inkomste met 8,8 persent bo die vlak van 1977/78 sal toeneem. Die tekort, uitgesonderd lenings, word geraam op R2 143 miljoen, of R200 miljoen (10,4 persent) hoër as die geraamde tekort vir 1977/78. Indien leningsdelgings ten bedrae van R1 754 miljoen in berekening gebring word, word die totale leningsbehoefte van die regering op R3 897 miljoen geraam. Die Minister verwag dat R3 425 miljoen of ongeveer 88 persent van hierdie bedrag deur binnelandse lenings gefinansier sal word, terwyl beskikbare kontantsaldo's tot die bedrag van R397 miljoen aangewend sal word. Nuwe lenings in die buiteland word op slegs R75 miljoen geraam, en dit word voorsien dat die regering se skuldoposisie teenoor die buitelandse sektor gedurende die fiskale jaar 1978/79 met R157 miljoen sal verminder.

Kapitaalmark

Verdere verruiming van die mark vir vaste-rentedraende effekte

Die verruiming van die mark vir vaste-rentedraende effekte wat gedurende die laaste drie kwartale van 1977 ondervind is, het in die eerste vyf maande van 1978 voortgeduur. Dit is weerspieël in die verdere daling van die opbrengskoerse op effekte en in die oorvoltekening van nuwe uitgiftes. Die opbrengskoerse op nuwe langtermynuitgiftes van die hoogste graad semi-prima-effekte het byvoorbeeld vanaf 11,80 persent aan die einde van 1977 tot 11,34 persent in

Opbrengskoerse op vaste-rentedraende effekte



Opbrengskoersmarge tussen langtermyn-semi-prima- en prima-effekte



April 1978 gedaal. Die opbrengskoerse op semi-prima-effekte in die sekondêre mark het gedurende hierdie tydperk selfs nog sterker gedaal. Die opbrengskoerse op 'n nuwe uitgifte van langtermynstaatseffekte in Februarie het onveranderd gebly op 10,75 persent, maar die opbrengskoerse op 'n nuwe uitgifte in Mei is tot 10,625 persent verlaag. Geen uitgiftes van maatskappyskuldbriewe is gedurende die eerste vyf maande van 1978 gedoen nie, maar die opbrengskoerse op hierdie soort effekte in die sekondêre mark het 'n daling van dieselfde orde as dié op semi-prima-effekte getoon. Die marge tussen die opbrengskoerse op langtermynsemi-prima- en -prima-effekte het van 1,05 persent aan die einde van 1977 tot 0,71 persent in Mei vernou. Hierdie marge was aansienlik kleiner as die gemiddelde van 1,20 persent gedurende die voorafgaande vyf jaar


Feitlik alle nuwe uitgiftes van semi-prima-effekte gedurende die tydperk Januarie tot April 1978 is oorvolteken. Nuwe effekte-uitgiftes ten bedrae van R157 miljoen, met uitsluiting van korttermynobligasies van die Landbank, is gedurende hierdie tydperk vir intekening aangebied, maar aansoeke van meer as R235 miljoen is ontvang. Sommige uitgiftes wat vir hierdie tydperk beplan is, is uitgestel in afwagting van 'n nog verdere daling in die leenkoerse.

Onderbreking van die opwaartse neiging van aandelepryse

Die opwaartse neiging van die aandelepryse gedurende die tweede helfte van 1977 en Januarie 1978 is gedurende Februarie en Maart tydelik onderbreek, maar gedurende April weer voortgesit. Slegs die pryse van goudmynaandele het gedurende April 'n verdere daling getoon, hoofsaaklik as gevolg van 'n daling in die goudprys. Die belangrikste redes vir die gedrag van die aandelepryse was aanvanklik 'n toenemende besorgdheid dat die herstel van die ekonomiese bedrywigheid langer sou neem om verwesenlik te word as wat vroeër verwag is, en 'n sienswyse voor die Begroting dat die noodsaaklikheid om 'n oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans te handhaaf en die inflasiekoerse te verlaag 'n algemene stimulering van die ekonomie sou uitsluit. Daarná het die stemming op die beurs verbeter vanweë die beleid van matige algemene stimulering van die ekonomie wat in die Begroting aanvaar is en die verskyning van tekens van ekonomiese herstel

Die pryse van goudmynaandele het gedurende die tydperk Februarie tot April met 16 persent gedaal; die pryse van steenkoolmynaandele het gedurende Februarie en Maart met 16 persent gedaal voordat dit gedurende April met 8 persent gestyg het; en die pryse van ander metaal- en mineraalaandele het gedurende Februarie en Maart met 6 persent gedaal en gedurende April onveranderd gebly. Die pryse van finansiële en nywerheids- en handelsaandele, wat gedurende Februarie en Maart gelyke dalings van 8

Effektebeurs



persent getoon het, het gedurende April weer met onderskeidelik 3 persent en 4 persent gestyg. Die omvattende aandeleprysindeks, wat alle klasse aandele wat op die effektebeurs genoteer word insluit, het gedurende sowel Februarie as Maart met 9 persent gedaal en gedurende April slegs marginaal met 1 persent gestyg vanweë die verdere daling in die pryse van goudmynaandele. Die beweging van die aandelepryse gedurende die tydperk Februarie tot April het 'n noue verband met die omset op die effektebeurs getoon. Die omset gedurende Februarie en Maart was gemiddeld 30 persent laer as in Januarie en gedurende April het die omset op ongeveer dieselfde vlak as in Maart gebly.

Die gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse aandele het van 7,84 persent in Januarie tot 8,13 persent in Maart gestyg, voordat dit in April tot 8,00 persent gedaal het. Die omgekeerde rendementsgaping tussen langtermynstaatseffekte en gewone aandele het marginaal van 2,91 persent in Januarie tot 2,75 persent in April vernou.

Verdere opmerklike toename in die beweging van langertermynfondse na depositonemende instellings en verwante spaarfasiliteite

Die beweging van langertermynfondse na depositonemende en verwante instellings en staatspaarfasiliteite, wat gedurende die vierde kwartaal van 1977 aansienlik gestyg het, het gedurende die eerste kwartaal van 1978 'n verdere styging getoon. Ná seisoensaansuiwering was hierdie beweging van fondse gedurende die eerste kwartaal van 1978 16 persent hoër as gedurende die voorafgaande kwartaal en 38 persent hoër as die kwartaallikse gemiddelde vir 1977.

Soos gedurende die voorafgaande kwartaal, was bankinstellings gedurende die eerste kwartaal die grootste ontvangers van langertermynfondse en hul relatiewe aandeel in die invloeiing van nuwe fondse was merkbaar groter as in die vierde kwartaal van verlede jaar. Die invloeiing van fondse na bouvereni-

Seisoensaangesuiwerde beweging van langertermynfondse na depositonemende en verwante instellings

R miljoene

	1977				1978	
	Eerste kwartaal	Tweede kwartaal	Derde kwartaal	Vierde kwartaal	Kwartaallikse gemiddeld	Eerste kwartaal
Bouverenigings	134	150	151	149	146	166
Bankinstellings	200	141	99	221	165	306
Deelnemingsverbandskemas	-7	10	7	4	4	-9
Posspaarbank en Nasionale Spaarsertifikate	57	59	51	45	53	53
Ander staatspaarfasiliteite	1	8	47	54	27	27
Totaal	385	368	355	473	395	543


gings het ook gedurende die eerste kwartaal gestyg, maar hul relatiewe aandeel in die groter totale invloeding het ongeveer dieselfde as in die vorige kwartaal gebly. Die netto belegging in Tesourie-obligasies, wat gedurende die derde en vierde kwartale van 1977 ná die invoering van 'n nuwe reeks obligasies aansienlik toegeneem het, het gedurende die eerste kwartaal afgeneem. Die netto belegging in die Posspaarbanc en Nasionale Spaarsertifikate is gedurende die eerste kwartaal op dieselfde vlak as die kwartaallikse gemiddelde vir 1977 gehandhaaf. Ná die klein kwartaallikse netto invloedings van fondse na deelnemingsverband-skemas gedurende die laaste drie kwartale van 1977, het die deelnemingsverband-skemas gedurende die eerste kwartaal van 1978 'n netto uitvloeiing van fondse ondervind.

Toename in verbandlenings, maar verdere afname in transaksies in vaste eiendom

Nadat dit gedurende die eerste drie kwartale van 1977 gedaal het, het die voorsiening van verbandlenings deur bouverenigings gedurende die vierde kwartaal toegeneem en hierdie stygende neiging in nuwe verbandlenings toegestaan is gedurende die eerste kwartaal van 1978 gehandhaaf. Nuwe verbandlenings toegestaan deur die bouverenigings het gedurende hierdie kwartaal, ná seisoensaansuiwering, R257 miljoen bedra, vergeleke met R236 miljoen gedurende die voorafgaande kwartaal en 'n kwartaallikse gemiddelde van R231 miljoen vir 1977. Die toestaan van verbandlenings deur die bouverenigings is nie slegs deur die beskikbaarheid van fondse en die vraag na huislenings beïnvloed nie, maar ook deur hul verpligting om te voldoen aan die nuwe wetlike beleggingsvereistes wat in die Begroting vir 1977/78 ingestel is. Die verenigings se totale voorgeskrewe beleggings het gedurende die laaste nege maande van 1977 met R122 miljoen en gedurende die eerste kwartaal van 1978 met 'n verdere R34 miljoen toegeneem.

Die vaste eiendomsafdeling van die kapitaalmarkt het gedurende die eerste twee maande van 1978 terneergedruk gebly. Die waarde van transaksies in vaste eiendom het voortgegaan om 'n afwaartse neiging te toon en gedurende Januarie en Februarie was hierdie transaksies gemiddeld 2 persent laer as gedurende die laaste kwartaal van 1977.

Bouverenigings



Verklaring insake die herwaardering van Suid-Afrika se amptelike goudreserwes

*Uitgereik deur sy Edele Senator O. P. F. Horwood, Minister van Finansies**

10 April 1978

By meer as een geleentheid in die verlede het ek verklaar dat wanneer die voorgestelde nuwe Artikels van Ooreenkoms van die Internasionale Monetêre Fonds eenmaal in werking getree het, die goudbesit van die Suid-Afrikaanse Reserwebank teen markverwante pryse herwaardeer sou word. Die nuwe Fonds-Artikels het in werking getree op 1 April vanjaar, wat onder andere beteken dat die amptelike prys van goud afgeskaf is en dat die monetêre owerhede van lidlande van die Fonds nou wetlik vry is om goud teen markverwante pryse te koop en te verkoop. Ek is dus van voorneme om nou onmiddellik voort te gaan met die beplande goudherwaardering, en ek kondig hiermee aan dat Suid-Afrika se amptelike goudreserwes met ingang môre, 11 April 1978, herwaardeer sal word.

Onder die ou IMF-stelsel van sogenaamde "stabile maar aanpasbare wisselkoerse" moes Suid-Afrika, soos alle ander lidlande, 'n vaste "pariteitsprys" van goud in terme van sy eie geldeenheid verklaar. Verder is in Suid-Afrika wetlike voorsiening gemaak vir 'n "statutêre" prys waarteen die Reserwebank sy goudbesit moes waardeer. Hierdie laasgenoemde prys was gegrond op die pariteitsprys maar ietwat laer vasgestel om voorsiening te maak vir die koste wat die Bank met die verkoop van goud op oorsese markte moes aangaan.

Die statutêre prys is bepaal ingevolge Artikel 8 van die Wet op Betaalmiddels en Wisselkoerse, no. 9 van 1933, en in die geval van 'n devaluasie of revaluasie van die geldeenheid, is hierdie prys gewoonlik by wyse van proklamasie ingevolge Artikel 9 van dieselfde Wet verander. Die jongste geleentheid waarop dit plaasgevind het, was op 25 Oktober 1972, toe die statutêre prys op sy huidige peil van R29,55 per fyn ons vasgestel is, gegrond op 'n pariteitsprys van R29,75 per fyn ons. Toe die rand in September 1975 gedevalueer is, is die pariteits- en statutêre pryse nie soos gewoonlik aangepas nie, aangesien die IMF pariwaardestelsel teen daardie tyd alreeds in onbruik geraak het.

Noudat die nuwe Fonds-Artikels in werking getree het en die amptelike goudprys afgeskaf is, het die Suid-Afrikaanse rand, soos alle ander geldeenhede van Fonds-lidlande, nie meer 'n goudpariteit nie. Die bestaande Suid-Afrikaanse statutêre prys van R29,55 het dus nie langer enige internasionale wetlike basis nie. Bowendien, aangesien die goudprys op die private mark tans omtrent vyf keer hoër as die huidige Suid-Afrikaanse statutêre prys is, het laasgenoemde klaarblyklik totaal onrealisties geword. Ek het dus besluit dat die tyd nou aangebreek het om Suid-Afrika se amptelike goudbesit op 'n markverwante basis te waardeer.

Die nodige wetlike voorsiening vir die herwaardering van ons amptelike goudbesit is verlede jaar gemaak toe die Parlement die Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, 1977, aanvaar het. Ingevolge Artikel 6 van daardie Wet het die Staatspresident vandag by proklamasie in die Staatskoerant bepaal dat die Artikels van die Wet wat op herwaardering en verwante sake betrekking het, naamlik Artikels 3 en 5, op 11 April 1978 in werking sal tree.

Onder die nuwe IMF-Artikels is daar geen voorgeskrewe metode om amptelike goudreserwes te waardeer nie. Vir die huidige sal baie lande waarskynlik aanhou om hulle goudreserwes teen die ou amptelike prys te waardeer, 'n praktyk wat seker aangemoedig sal word deur diegene wat die monetêre rol van goud wil verminder. Lande soos Frankryk, Italië en Australië het egter alreeds hulle goudreserwes op 'n markverwante basis herwaardeer, volgens verskillende metodes, en noudat die nuwe Artikels in werking is, sou dit my nie verbaas indien verskeie ander lande hulle voorbeeld navolg nie.

Ná oorleg met die Reserwebank, het ek besluit dat die nuwe statutêre of waarderingsprys vir die Reserwebank se goudbesit normaalweg aan die einde van elke kalendermaand vasgestel sal word op 'n peil gelykstaande aan die gemiddelde van die laaste tien Londense vasstellingspryse gedurende daardie maand, min 10 persent. Die eerste prys wat volgens laasgenoemde formule vasgestel sal word, met ingang môre, sal R141,97 per fyn ons wees, wat teen die huidige rand-dollar-wisselkoers gelykstaande is aan die gemiddelde van die laaste tien Londense vasstellingspryse in Maart, min 10 persent, naamlik \$163,27 per fyn ons.

Hierdie is slegs een van 'n aantal verskillende waarderingsmetodes wat gebruik kan word, maar vir 'n sentrale bank wat op 'n aansienlike skaal werklik in goud handel dryf, het hierdie metode die voordeel dat die waarderingsprys sal neig om die bewegings van die markprys redelik goed te volg. Die 10-persent-aftrekking verteenwoordig slegs konserwatiewe rekeningkunde wat bedoel is om die kans dat die statutêre prys die markprys met enige betekenisvolle bedrag vir enige noemenswaardige tydperk sal oorskry, so klein as moontlik te hou. In die praktyk sal die Reserwebank se goudbesit dus normaalweg nog onderwaardeer wees, maar natuurlik in 'n baie kleiner mate as tans.

Ek sal hierdie stap doen onder die nuwe Artikel 17A(1) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, 1944, soos gewysig, wat môre in werking tree en wat aan die Minister van Finansies die reg verleen om die statutêre prys van tyd tot tyd ná oorleg met die Reserwebank te verander. Dit volg dus dat, indien dit wenslik geag word, ek te enige tyd die waarderingsformule wat ek so pas uiteengesit het, kan wysig.

*Toespraak gelewer in die Volksraad.

In die huidige omstandighede sal die voorgestelde herwaarderingswinst van die Reserwebank se goudbesit natuurlik 'n groot boekwinst oplewer. Die Bank besit tans byna 9,5 miljoen onse goud, wat teen die ou prys van R29,55 teen omtrent R280 miljoen waardeer word. Teen die nuwe statutêre prys van R141,97 sal hierdie goud 'n waarde van omtrent R1 348 miljoen hê. Dit beteken dat die herwaarderingswinst op die Bank se werklike goudbesit omtrent R1 068 miljoen sal wees. Hierby moet gevoeg word die wins op die goud betrokke by die Bank se bestaande goudruiltransaksies. In totaal sal die herwaarderingswinst dan omtrent R1 690 miljoen beloop.

Ingevolge Artikel 8 *bis* van die Wet op Betaalmiddels en Wisselkoerse van 1933, kom enige sodanige wins die Regering toe. Hierdie Artikel word nou herroep, maar dieselfde beginsel word oorgedra na die nuwe Artikel 17A van die Wet op die Reserwebank, wat môre in werking tree. Ingevolge laasgenoemde Artikel moet die Reserwebank 'n nuwe Goudprysaanpassingsrekening instel waarin hy rekenskap moet gee van enige wins of verlies betreffende goud as gevolg van 'n verandering in die statutêre prys, sowel as van enige verskil tussen die statutêre prys en die prys waarteen hy goud koop of verkoop, ná inagneming van hanterings- en realiseringskoste. Hierdie rekening sal dus onmiddellik met die goudherwaarderingswinst gekrediteer word.

Vanuit die oogpunt van monetêre en fiskale beleid is die manier waarop die groot aanvanklike herwaarderingswinst aangewend gaan word 'n saak van die grootste belang. Die gebruik van enige betekenisvolle deel van hierdie wins om regeringsbesteding te finansier, sou byvoorbeeld 'n ongunstige uitwerking op die betalingsbalans en, op lang termyn, ook op die inflasiekoers kon hê. Om die goudherwaarderingswinst op hierdie manier aan te wend, sou die geldvoorraad aansienlik vermeerder en sou neerkom op die gebruik van die drukpers vir geldskepping. Dit is dus wenslik om die wins in die grootste moontlike mate te "steriliseer". Die Artikels van die Wysigingswet op die Reserwebank wat môre in werking tree, is spesifiek ontwerp om vir sodanige sterilisasie voorsiening te maak, terwyl dit gelyktydig sekere ander nuttige doeleindes kan dien.

Ingevolge Artikels 8 *ter* en 8 *quater* van die Wet op Betaalmiddels en Wisselkoerse, wat ook nou herroep word, val enige winste of verliese gemaak deur die Reserwebank op sy buitelandsevalutabesit, sy valutatermynkontrakte en sy lenings in buitelandse geldeenheid ook aan die Regering toe. In al hierdie gevalle, net soos in die geval van goudverliese of -winste word hierdie beginsel oorgedra na die gewysigde Wet op die Reserwebank, naamlik in die nuwe Artikels 17D en 17C. Met ingang môre moet die Reserwebank, bo en behalwe die nuwe Goudprysaanpassingsrekening, ook 'n Buitelandsevaluta-aanpassingsrekening en 'n Valutatermynkontrakte-aanpassingsrekening instel en bestuur. Hierdie rekening sal soortgelyk wees aan die

rekening wat die Bank in die verlede moes hou om uitvoering aan die vereistes van Artikels 8 *ter* en 8 *quater* van die Wet op Betaalmiddels en Wisselkoerse te gee.

'n Belangrike nuwe vereiste is egter in die nuwe Artikel 17D van die Wet op die Reserwebank ingesluit. Hierdie Artikel bepaal dat enige krédit- of débetsaldo op die drie aanpassingsrekeninge wat in die Wet vermeld word, aan die einde van elke boekjaar van die Bank of op sodanige ander tye as wat deur die Bank en die Tesourie bepaal word, oorgedra moet word na 'n nuwe Goud- en buitelandsevaluta-gebeurlikheidsreserwerekoning wat deur die Bank ten behoeve van die Tesourie ingestel en bestuur word.

Dit word verder bepaal in Artikel 17D dat enige kréditsaldo op hierdie nuwe Gebeurlikheidsreserwerekoning as 'n wins aan die Regering sal toeval, maar in hierdie rekening oorgedra sal word totdat die Tesourie en die Bank dit wenslik ag om sodanige wins of enige deel daarvan aan die Staatsinkomstefonds te krediteer. Insgelyks sal enige débetsaldo op hierdie rekening 'n verlies vir die Regering wees en oorgedra word totdat die Tesourie en die Bank dit wenslik ag om die uitstaande saldo te vereffen.

Wanneer die betrokke artikels van die Wysigingswet op die Reserwebank môre in werking tree, sal alle krédit- en débetsaldo's wat tans bestaan op die rekeninge wat deur die Bank vir die doeleindes van die Wet op Betaalmiddels en Wisselkoerse aangehou word, ook na die nuwe Gebeurlikheidsreserwerekoning oorgedra word.

Die bedrae hierby betrokke is aansienlik. Die totale bedrag wat deur die Regering aan die Bank geskuld word ten opsigte van verliese op buitelandsevalutabesit, goudtransaksies en valutatermynkontrakte is tans R1 134 miljoen. Verder moet rekening gehou word met die potensiële verdere verlies, teen huidige wisselkoerse, op bestaande valutatermynkontrakte, veral ten opsigte van buitelandse lenings deur openbare korporasies in Duitse marke en Switserse franke. Hierdie verliese kan aansienlik wees en wanneer hulle materialiseer, sal hulle ook 'n eis teen die Regering wees.

In hierdie omstandighede is die logiese manier om die goudherwaarderingswinst te steriliseer die aanwending deur die Regering van 'n deel van hierdie wins om sy uitstaande débetsaldo's op die rekening waarna ek verwys het, te vereffen, en die oorplasing van die res van die wins na die nuwe Goud- en buitelandsevaluta-gebeurlikheidsreserwerekoning. Op hierdie manier sal twee voëls met een klip doodgegooi word.

Om hierdie doeleindes te bereik, het die Tesourie en die Reserwebank dus ingevolge die nuwe Artikel 17D(1) van die Wet op die Reserwebank besluit dat die aanvanklike goudherwaarderingswinst, wat in die eerste instansie outomaties aan die Goudprysaanpassingsrekening gekrediteer sal word, daarna ook na die nuwe Gebeurlikheidsreserwerekoning oorgedra sal word. Die netto resultaat van al hierdie krediteringe en

debriteringe sal wees dat die lei skoon gegee word wat die drie aanpassingsrekeninge betref, en dat boonop 'n kréditsaldo in die nuwe Gebeurlikheidsreserwerekening van R556 miljoen gelaat word.

Met ingang môre sal die Reserwebank ook 'n einde maak aan die bestaande goudbemarkingsreëlings waaronder hy goud van die myne teen die ou amptelike pariteitsprys koop en dan later aan hulle 'n premie betaal op die goud wat hy namens hulle op die private mark verkoop het. In die toekoms sal die Bank die goud ineens van die myne teen lopende markpryse aankoop volgens 'n ooreengekome formule, wat voorsiening maak vir die aftrekking van 'n klein realiseringsheffing deur die Bank om vrag, assuransie en verwante koste te dek.

Noudat die amptelike goudprys deur internasionale ooreenkoms afgeskaf is, sal die bestaande reëlings ten opsigte van die goud wat ingevolge die Mosambiek-Konvensie verkoop word, ook met ingang 11 April 1978 beëindig word. Dit beteken dat die goudmyne nie meer 'n deel van hulle opbrengs, via die Reserwebank, aan die Mosambiek-owerhede *teen die ou pariteitsprys* sal hoef te verkoop om te voldoen aan die bepalinge van die Konvensie wat met die uitgestelde betalings aan mynwerkers van Mosambiek te doen het nie. In die toekoms sal die myne die *markprys* ontvang vir al die goud wat hulle aan die Reserwebank verkoop. Dit sal vanselfsprekend sowel die goudmynbedryf as die betalingsbalans bevoordeel.

Ek kom nou ten slotte by die uitwerking van die goudherwaardering op die amptelike buitelandse reserwes. Aangesien Suid-Afrika altyd 'n aansienlike deel van sy amptelike buitelandse reserwes in die vorm van goud hou, het die praktyk van die verlede om die Reserwebank se goudbesit teen slegs R29,55 per ons te waardeer vanselfsprekend 'n groot onderwaardering van die totale reserwes meegebring. Dit het by tye 'n misleidende indruk van Suid-Afrika se reserweposisie geskep. Die besluit wat nou geneem is om die goud teen markverwante pryse te herwaardeer, sal natuurlik nie op sigself ons reserwes in enige werklike sin versterk nie — gedurende die tydperk van onderwaardering was daar in werklikheid nog altyd 'n "geheime reserwe" gewees. Maar die instelling van die nuwe waarderingsmetode sal meer realistiese gepubliseerde reserwes meebring, wat die ware toedrag van sake beter sal weerspieël.

Na môre se goudherwaardering sal die Reserwebank se goud- en ander buitelandse reserwes omtrent R1 700 miljoen beloop, vergeleke met R634 miljoen aan die einde van Maart 1978. Hierby moet gevoeg word die reserwes van die sentrale regering en die res van die banksektor, wat die syfer vir Suid-Afrika se totale goud- en ander buitelandse reserwes in die omgewing van R1 830 miljoen sal bring, vergeleke met R761 miljoen aan die einde van Februarie 1978.

Mnr. die Speaker, ek glo dat alle lede van die Raad sal saamstem dat die gelyktydige instelling van die

nuwe goudwaarderingsformule, die nuwe goudbemarkingsreëlings en die nuwe wetlike bepalinge ten opsigte van die Reserwebank se rekeningestelsel, 'n belangrike mylpaal in Suid-Afrika se monetêre geskiedenis verteenwoordig. Dit dui op die einde van een tydperk en die begin van 'n ander. Die sogenaamde Bretton Woods internasionale monetêre stelsel het gekom en gegaan. Maar goud bly sterk en springlewendig, en die stappe wat ek vandag aangekondig het, dien as nog 'n verdere aanduiding van die toenemende monetêre rol wat dit in 'n wêreld van inflasie en wisselkoersberoering speel.

Verklaring insake monetêre beleid

Uitgereik deur die President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, dr. T. W. de Jongh

17 Mei 1978

Na die gebruikelike oorlegpleging met die Tesourie het die Reserwebank besluit om met ingang môre, 18 Mei 1978, bankinstellings se kredietplafonne met 'n addisionele 4 persent van hulle basissyfers soos op 31 Desember 1975 te verhoog. Hierdie verhoging geld vir die plafonsyfers wat op bankinstellings se diskonteringe, lenings en voorskotte aan die private sektor en op hulle beleggings in effekte van die private sektor van toepassing is. Die bestaande reëling waarvolgens die plafonsyfers van bankinstellings elke maand met 'n half persent van hulle basissyfers verhoog word, bly van toepassing.

Daar is ook besluit om terselfdertyd die totale bedrag van die kredietverlening aan die private sektor, soos vir doeleindes van die kredietplafonne omskryf, wat 'n bankinstelling nie mag oorskry nie alvorens hy aan die plafonvereistes onderhewig word, van R10 miljoen na R15 miljoen te verhoog. Nadat so 'n bankinstelling se totale kredietverlening aan die private sektor die nuwe perk van R15 miljoen bereik het, sal sy betrokke plafonne maandeliks met 'n half persent van sy onderskeie basissyfers soos op 31 Desember 1975 verhoog word.

Die nodige kennisgewing om aan hierdie wysigings van die kredietbeheermaatreëls uitvoering te gee, sal binnekort in die Staatskoerant verskyn.